

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
16 Januarie 1977

Onderwerp: God met ons
Nuwejaarsboodskap

Lees: Exodus 33 verse 1 tot 17

Teks: Exodus 33 verse 1 tot 17

Sing: Psalm 118 verse 1 en 7
Gesang 55 verse 2 en 3
Gesang 89 vers 3

“Ons staan aan die begin van ’n nuwe jaar en ek wil vanmôre met u praat oor die krisistye vorentoe, wat ’n onafwendbare feit is. Ons sal dit reeds in hierdie jaar duidelik ondervind.

“Dat hierdie krisistye besondere eise aan ons geloofslewe gaan gestel, is vanselfsprekend. Ons hoef nie daarvoor te redeneer nie.

“Daar kan by die realis geen onsekerheid wees dat daar moeilike tye op ons wag nie. En tussen hakies, ’n mens kan ook ’n gelowige realis wees, wanneer jy geleer het om deur die bril van God se Woord te kyk na die wêreld van jou tyd. En wanneer ’n mens só na wêreldgebeure kyk, is dit duidelik:

“Ons leef in ’n wêreld waarin die vryheidsdrang by die mens in toenemende mate besig is om hand uit te ruk. Daar is ’n legio van faktore wat die mens op hierdie pad van ongeluk voorthelp. Voorop staan die materiële voorspoed, wat stoflike dinge verhef tot die hoogste goed. Vir hoeveel het die materiële nie die belangrikste geword nie? Hulle is selfs bereid om God daarvoor in te ruil. Hoeveel het nie as gevolg hiervan van God weggedrywe nie?

“Daar is ’n toenemende mate van verset teen alle gesag en dissipline. Eintlik is dit ’n verset teen die gesag van God. Dit is die mens wat uitroep: ‘Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp!’ (Ps 2:3) Maar Broers en Susters, dit is oor hierdie mens dat die Psalmis die vreeslike oordeel van God fel as hy sê: ‘Hy wat in die hemel woon, lag; die HERE spot met hulle.’ (Ps 2:4) Ja, die ironie is dat die mens in sy vryheidsdrang besig is om homself met sy eie toue op te hang.

“Nog ’n rede waarom ons moeilike tye kan verwag, lê in die feit dat die wêreld besig is om sy ankers te verloor. Dink maar aan die aftakeling van sedelike norme. Bybelse voorskrifte en riglyne in dié verband, wat enkele jare gelede net deur ongelowiges bevraagteken is, word in ons tyd in toenemende mate deur kerkmense en selfs deur belydende Christene in twyfel getrek. ’n Vloedgolf van pornografie en sedebederwende lektuur is besig om oor ons te spoel. Die geskiedenis het keer op keer bewys, dat wanneer ’n enkeling of ’n volk sy sedes verloor, dan is sy lot verseël. Die Bybel leer ons dat Simson sy krag verloor het toe hy sedelik begin wankel het.

“En die kerk, wat ’n stem van protes laat hoor, word gespot as die sogenaamde bewaker van sedes.

“Met dit alles gaan natuurlik saam die verlies van die ankers van die geloof. Die Evangelie van die Woord van God word nou aangepas by die moderne mens en sy aspirasies. In die komende jare sal ons al meer en meer te doen kry met ’n horisontale beoefening van die Godsdienst. Die geregtigheid van God word nou vervang met ’n evangelie van menslike geregtigheid. Geen wonder dat al meer en meer mense nie meer die knie voor God buig nie. Die mens het sy eie god geword.

“Hierdie sedelike en geloofsafval is voorlopers van die volgende:

“Die Antichris en valse profete sal al nader aan mekaar beweeg in ’n verenigde front, soos beskryf in Openbaring 13.

“Die storms sal al feller word. Menslike sekuriteit sal verdwyn en spanning en vrees sal al meer en meer oplaai.

“Nasies sal te staan kom voor probleme waarvoor hulle geen raad sal hê nie.

“Ons is besig om swaar teen God te sondig, net soos die Israeliete wat ’n goue kalf gemaak en aanbid het. Hierop was God se antwoord aan Moses op die berg Sinai: ‘... Ek sal in jou midde nie optrek nie, omdat jy ’n hardnekkige volk is’. (Ex 33:3)

“Broers en Susters, Moses het toe bang geword vir die toekoms ten spyte van drie versekerings wat die HERE aan hom gegee het, naamlik:

“Dat die volk oppad was na die beloofde land van melk en heuning. Dit wil sê dat daar materiële voorspoed sou wees.

“Dat die vyand, die Kanaäniete, Amoriete, Hetiete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete, verdryf sou word. Met ander woorde daar sou landsveiligheid wees.

“En dat die Engel voor hulle sou uittrek.

“Broers en Susters, hoe veilig sou u en ek nie gevoel het as ons eie toekoms deur hierdie drie versekerings onderskraag was nie?

“Maar Moses, die sterk man wat vir Farao en die uitdaging van die Rooi See nie teruggedeins het nie, het bang geword. En die rede vir sy vrees was: ‘As U nie self meegaan nie, laat ons dan nie hiervandaan optrek nie.’ (Ex 33:15)

“Hiermee het Moses gesê: Sonder God op die pad vorentoe, sou materiële voorspoed, landsveiligheid en selfs ’n Engel by hulle, hulle niks gebaat het nie.

“Waarom wou die HERE nie met Moses en die volk saamgaan nie? Die HERE het net een rede gegee, naamlik hulle hardnekkigheid. En hardnekkigheid is om weerstand te bied teen die eise van God se Woord.

“Die Israeliete het vir hulle ’n goue kalf gemaak, terwyl God met Moses op berg Sinai gespreek het. Hulle het uit hulle kosbaarste besittings vir hulle ’n eie voorwerp van aanbidding geskep. Daarom het God gesê dat Hy weens hulle hardnekkigheid nie met hulle sou saamtrek nie.

“Hoe is dit moontlik dat ’n Godsdienstige volk en daarom ook u en ek, sulke weerstand teen God kan bied?

“Hardnekkigheid is ’n skelm ding. Dit kan hom so maklik voordoen as beginselvastheid. Maar Broers en Susters, beginselvastheid wat nie op die Woord van God gefundeer is nie, kan maklik ’n goue kalf word waarvoor ons in sonde buig. Maar dan moet ons soos Moses die goue kalf in die vuur werp en die afgode onder ons uitroei. Ons kan die toekoms maar alleen staande bly as ons aan die Woord van God en die God van die Woord vashou.

“Broers en Susters, materiële voorspoed en landsveiligheid is geen waarborg nie. Nee, God is die groot Onmisbare. In Efésiërs 2 vers 12 staan geskrywe: ‘... dat julle in dié tyd sonder Christus ... sonder hoop en sonder God in die wêreld’ was.

“Toe die volk van God, weens hulle sonde en misdryf teen God, in een van die grootste krisisse van hul bestaan gekom het, het Moses vir sy volk gebid. Hy het as middelaar opgetree tussen God en sy volk en gevra: ‘Want waaraan sou dan bekend word dat ek genade in u oë gevind het, ek en u volk? Is dit nie

daaraan dat U met ons saamtrek nie?’ (Ex 33:16) Dit is ook waarop ons hoop gebaseer is.

“Insteede dat God hom van die Israeliete onttrek het, het Hy saam met die volk opgetrek na die beloofde land.

“Hoekom? Om Hy ’n genadige God is wat onveranderlik is in sy verbondstrou.

“Dit is ook die rede waarom God met ons saam gaan. Dit is genade alleen. Dit is genade wat later aan die kruis tot hoogste openbaring gekom het. Jesus Christus is daar deur God verlaat, sodat God ons nooit sal verlaat nie. In Jesus Christus gaan God met ons mee, ja, tot in die diepste van ons skuld en sonde. Desnieteenstaande moet ons die afgode in ons lewens aflê en vernietig.

“Daar is geen onbetrede weg hier en na die Ewigheid waar Jesus Christus se voetspore ontbreek en Hy nie in staat is om mee te gaan nie. Selfs die poorte van die Hel skrik Hom nie af nie. Paulus sê: ‘Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.’ (Rom 8:38,39)

“Daarom Broers en Susters, moet daar oor ons lewens geskryf staan: ‘Emmánuel ... God met ons’. (Matt 1:23) ‘Want met U loop ek ’n bende storm, en met my God spring ek oor ’n muur.’ (Ps 18:30)

“Alleen in en deur Jesus Christus kan en sal ons oorwin. In Hom word die belofte vervul: ‘Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. ... En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.’ (Matt 28:18,20)

“Amen.”